

'Maak seker voor vee verskuif word'

DIE Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) versoek alle belanghebbendes wêér om aan die bewegingsbeperkings binne die provinsies waar bek-en-kloue uitgebreek het, te voldoen. Hulle is gevra om nie diere met gesplete kloue sonder die nodige kennis van die gesondheidstatus van die plaas van oorsprong te verskuif nie.

Volgens die nasionale dieregesondheidsforum kan die uitbreking van bek-en-kloue in vyf van die nege provinsies verbind word met die onwettige

verskuiwing van diere van die bek-en-kloueersbesmette sone (of beskermingsone met inenting) na die sone vry van dié siekte. Geen diere met gesplete kloue (beeste, skape, bokke, varke en wild) mag uit die siektebeheergebiede van Limpopo en KwaZulu-Natal en/of in die waarnemingsones in Noordwes, Gauteng en die Vrystaat verskuif word om enige rede anders as om geslag te word en om na voerkrale verskuif te word nie.

Daar word beslag gelê op enige lewende diere wat sonder

die nodige dokumente vervoer word. Dit sal sonder vergoeding van kant gemaak word as die Wet op Diersiektes (Wet 35 van 1984) oortree word.

Indien vee geskuif moet word, word aanbeveel dat 'n gesondheidsverklaring van 'n veearts gebruik word om te bevestig dat die diere wat geskuif gaan word, nie tekens van bek-en-kloueerton nie. Dit help die verkoper en koper van die diere om die potensiële verspreiding van die siekte en die gepaardgaande verlies te beperk.

Dit is toelaatbaar om diere van 'n plaas of 'n voerkraal na 'n abattoir te vervoer, aangesien die abattoir die eindpuntbestemming van diere is. Inge-

volg die Wet op die Veiligheid van Vleis (Wet 40 van 2000) is dit onwettig om diere vanuit 'n abattoir te verskuif.

Die doelwit van die bewegingsbeheer is om die verspreiding van bek-en-kloue te beperk en nie om oortreders vas te trek nie.

Vee kan van verskillende liggings bymekaargemaak en na 'n voerkraal of plaas vervoer word indien dit van daar na net een plek vervoer word, wat net die abattoir kan wees. Indien daar 'n moontlikheid bestaan dat die diere na ander plekke vervoer word, moet dit 28 dae lank op die plaas of by die voerkraal staan sodat dit vir die siekte waargeneem kan word.

VLEIS IS BELANGRIK VIR MENSE

Vleis hou belangrike voordele vir algehele menslike gesondheid en lewensverwagting in, het 'n span internasionale, multidisziplinêre navorsers bevind. Hulle het die vraag ondersoek of vleis onregverdig daarvan beskuldig dat dit sleg is vir menslike gesondheid.

Dr. Wenpeng You van die Universiteit van Adelaide, studieleier, sê hulle het die navorsing wat 'n ongunstige kollig op vleisverbruik in die menslike dieet plaas, van naderby bekyk. Wanneer daar slegs na die verband van vleisverbruik met menslike gesondheid of lewensverwagting binne 'n sekere groep of 'n sekere streek of land gekyk word, kan dit tot ingewikkelde en misleidende gevolgtrekkings lei. You sê sy span het die verband tussen

vleisinname en lewensverwagting, asook kindersterftes op internasionale en streeksvlak bestudeer. Die vooroordele in die navorsingstudie is tot die minimum beperk sodat die gevolgtrekking meer verteenwoordigend is van die algemene gesondheidsuitwerkings van vleisinname.

Die uitslae van die studie het in die *International Journal of General Medicine* verskyn. Dit het die algehele gesondheidsimpakte van totale vleisverbruik van meer as 170 lande in die wêreld bestudeer.

Die navorsers het bevind die verbruik van energie afkomstig van koolhidraat-gewasse (graan en knolle) lei nie tot 'n hoër lewensverwagting nie, en totale vleisverbruik hou verband met 'n hoër lewensverwagting.

In sommige studies in die

verlede is bevind dat vleis-inname 'n ongunstige uitwerking op menslike gesondheid het. Volgens You is die metodes en bevindings wat dié studies gemaak het, omstrede en omstandighedsgebonde.

Dr. Renate Henneburg, mede-outeur en 'n bioloog by die Universiteit van Adelaide, sê vleis is steeds 'n groot deel van die dieet van baie mense reg oor die wêreld. Vleis was 'n stapelvoedsel van die menslike dieet voor die landbou 10 000 jaar gelede tot stand gekom het.

Volgens haar kan die rol van vleis in menslike gesondheidsbestuur wissel na gelang van die minderheidsgroepe wat bestudeer word en die soorte vleis wat bekyk is. Wanneer alle soorte vleis vir alle bevolkings in ag geneem word, is die gunstige

verbintenis tussen vleisverbruik en algehele gesondheid op bevolkingsvlak nie sporadies nie.

Dr. Arthur Saniotis, 'n antropoloog en bioloog by die Universiteit van Adelaide, sê die bevindinge is in pas met ander navorsingstudies wat toon dat graangebaserde koslaer voedingswaarde het as dié van vleis. Dit beklemtoon die feit dat vleis ander bydraes tot menslike gesondheid lewer – nie net ten opsigte van die kilojoules in vleis nie.

Dié navorsing toon dat vleis goed is vir menslike gesondheid mits dit in matige hoeveelhede ingeneem en die vleisbedryf op 'n etiese manier bedryf word. **LBW**

BRON: scimex.org/newsfeed/

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102
E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za